SATI
South African Table Grape Industry

SA TAFELDRUIF INDUSTRIE
NUUSBRIEF 7: 06/01/2010

Total shipping volumes *Week 52*
All Varieties



Please Note:
The shipped volumes indicated on the above graph are subject to change without notice

STREEKS TERUGVOER
6 JANUARIE 2010

NTA
Die streek het 'n hele paar droë weke beleef wat goed was vir die inleiding tot die Crimson Seedless en Red Globe oesfase. Die kwaliteit is steeds goed. Daar word verwag dat verpakking in die streek afgehandel sal wees teen Week 6.

ORPA
Thompson Seedless, Red Globe en Crimson Seedless van goeie kwaliteit word verpak. Daar het die afgelope naweek kol-kol reënbuie voorgekom maar dit blyk nie asof dit veel probleme veroorsaak het ten opsigte van kwaliteit nie. Daar word verwag dat meer as 95% van die streek se oes teen die einde van Week 4 gepak sal wees.

OTPV
Flame Seedless is klaar gepak en daar word tans Thompson Seedless en Sunred Seedless geoes. Daar sal in Week 2 Crimson Seedless en Red Globe geoes word. Die meeste produsente berig dat hul tot op hede dieselfde of effens meer gepak het as wat hul oorspronklike oesskattings was. Donsskimmel kom op die jong groei van wingerde voor.

BTPV
Dit wil voorkom of die donsskimmel skade op die stingels van vroeër kultivars in die streek op plekke meer problematies is as op ander. Sommige produsente berig dat hul Prime oes 10% tot 20% laer as die verwagting was. Die oesdatums van sommige kultivars in die Saron substreek is 7 dae vroeër maar dit gaan gepaard met ligter trosmassas (± 10%). Daar is reeds Prime, Flame Seedless, Sugraone, Ralli Seedless, Sugratwelve, Sugrathirteen en Victoria gepak. Produsente in die Piketberg substreek berig dat die suurvlakke oor die algemeen relatief hoog is op Victoria. Verder is die meeste produsente baie optimisties rakende die kwaliteit van Regal Seedless wat van Week 2 af verpak sal word.

HTA
Die streek verpak tans Flame Seedless. Kelk-ent barsies kom egter voor wat die verpakking ietwat bemoeilik, maar andersins is die kwaliteit goed. Daar word verwag dat groot voumes druiwe vanaf Week 3 in die streek verpak sal word.

Exports *Week 52:*
Accumulative Totals

Market	2009/2010	2008/2009	% Diff
All	**10 677 407**	**11 260 443**	**-5%**
UK	3 912 853	4 215 063	-7%
N-EU	5 842 165	5 970 182	-2%
Middle East	279 546	206 867	35%
Far East	345 810	548 443	-37%

The EU markets have started to show signs of being under pressure. The colder climatic conditions over the Christmas period have affected the consumer purchasing frequency, leaving more stock available in the markets. The accumulating volumes will have a negative impact on prices in the coming weeks.
The UK markets still looks positive with prices looking relatively stable. The trading conditions in UK are slightly better than last year.

Intakes *Week 52:*
Accumulative Totals

Region Name	2009/2010	2008/2009	% Diff
All	**13 944 906**	**12 001 704**	**16%**
BTA	191 338	109 259	75%
NTA	2 569 988	2 453 936	5%
OTA	387 116	266 073	45%
ORPA	10 658 206	9 156 600	16%
HTA	9 187	0.00	100%

The recent favourable climatic conditions have stimulated the high weekly packing percentages in all regions. The NTA has recovered from the cold temperatures, and broke record by packing over 500 thousands cartons in week 51. The HTA commenced harvest on the Christmas week (a week earlier than normal), packing almost 10 thousand cartons. ORPA and OTA have retained their strong weekly intakes, both showing a double digit increase in week 52 as compared to last year's intake figures.

Visit
www.satgi.co.za /
www.druiwe.co.za

CONSUMER EDUCATIONAL CAMPAIGN UK & GERMANY

SATI acknowledges and thanks the following exporters/export agents for their contribution towards the consumer educational campaigns in the UK and Germany.

Delecta, Capespan, WP Fresh Distributors, Green Marketing, Star South, Seven Seas, United Exports, Karstens Boedery, North End Vineyards and De Pont Boedery.

The official launch of the UK campaign will take place on the 14th January 2010 at the Dorchester Hotel in London where the above exporters will be acknowledged to the 160 invited guests that range from retailers, wholesalers, buyers and media.

Should you wish to contribute to the campaign please contact Rhomona at the SATI offices before *Tuesday, 12th January 2010.*

Left to right: Koot Nel, Eunice Avenant, Rudolf Grobler, Henry Horne, Eurica Scholtz en Jan Avenant

Left to right: Jack Wittles (BTPV) and Warren Bam

Bergrivier Tafeldruif Produsente Vereniging Blokkompetisie 2009/10

Die BTPV se jaarlikse blokkompetisie prysuitdeling het plaasgevind op Saterdag 19 Desember 2009.

Tien blokke in totaal is beoordeel. Die eerste streek, Piketberg, Porterville en Halfmanshof was op 1 en 2 Desember beoordeel en die tweede streek, Paarl, Wellington en Riebeek was op 10 Desember beoordeel. Vanjaar se kompetisie was so straf dat die 7 beoordelaars dit onmoontlik gevind het om slegs een wenner aan te kondig. Daar was dus vanjaar twee eerste plekke en `n derde plek aangewys.

Die blokbesigtiging, waartydens die drie wen blokke besoek en bespreek is, was deur menigte produsent bygewoon. Die prysuitdeling was op Broodkraal Landgoed in Piketberg gehou.

Die twee eerste plek wenners was **Henry Horne van Kromvlei** (Kosie van Niekerk Boerdery) en **Rudolf Grobler van Broodkraal Landgoed** (JF Le Roux Groep) met onderskeidelik `n blok Crimson en `n blok Thompson. Die derde plek was gewen deur **Koot Nel van Morester Boerdery** met `n blok Flame.

Die twee eerste prys wenners het elk met produk en prysgeld ter waarde van R25 000.00 huistoe gegaan en die derde prys wenner `n totaal van R10 000.00. `n Additionele prys van R2 500.00 geborg deur die BTPV was ook toegeken aan Warren Bam van Lushof Fruit wat `n organiese blok Regal ingeskryf het. Die beoordelaars was besonders beindruk met die wyse waarop Warren die organiese druiwe verbou.

NexusAG het die prysuitdeling geborg en Bayer CropScience het produk ter waarde van R30 000.00 sowel as `n kontant bedrag van R2 500.00 geborg. Ander borge was PPECB, Kaap Agri Pakmateriaal Paarl, The Grape Company, BASF, Villacrop, Knittex, Neutrog, Agri Sense, Cyflo Marketing, Mondi, Exsa en Vinguard. Die BTPV bedank weereens die borge, sonder hulle sou hierdie kompetisie nie moontlik gewees het nie.

Die drie wenners ding nou verder mee om die kwaliteitprys van R4 000.00 soos geborg deur PPECB. Hierdie prys sal vroeg volgende jaar aangekondig en oorhandig word.

Die beoordelaars was Jan Avenant (LNR, Infruitec - Nietvoorbij), Eunice Avenant (Elsenburg Landbou College), Jacobus Viljoen (Sapex), Petrie de Kock (Bayer), Pieter Raath (Universiteit van Stellenbosch), Phillis Burger (LNR, Infruitec - Nietvoorbij) en Pieter le Roux (Villacrop)

Sameroeper en hoofbeoordelaar Jan Avenant neem sedert 2004 die voortou met die kompetisie. Vanjaar was sy laaste jaar as sameroeper en Pieter Raath sal volgende jaar by hom oorneem.

SATI Contact Details:
Tel: +27 21 872 1438 ; fax: +27 21 872 4375
Email: info@satgi.co.za
Website: www.satgi.co.za
Address: 45 Fabriek Street, Paarl, 7620 or P.O Box 2932, Paarl, 7620